**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 30 JULIE 2026 OM 10:00**

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

**RAADSLEDE:**

Bess, D G (DA)
Booysen, A M (VF+)
Gaika, M F (EFF)
Jooste, R J (DA)
Le Minnie I S (DA)
Mains, R R (PA)
Nel, M (DA)
Ngozi, M (ANC)
O'Kennedy, E C (DA)
Papier, J R (GOOD)
Pieters, C (ANC)
Smit, N (DA)
Soldaka, P E (ANC)
Van Essen, T (DA)
Vermeulen, G (VF+)
Warnick, A K (DA)
Williams, A M (DA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr M J Swanepoel
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H Witbooi
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

## 1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lede van die publiek.

Die Munisipale Bestuurder open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat die afgelope tyd verjaar het.

## 2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C Fortuin, B J Penxa en D C Pypers.

## 3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

### 3.1 SPEAKER: HULDEBLYK AAN MUNISIPALE BESTUURDER MET 20 JAAR DIENS AS MUNISIPALE BESTUURDER VAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT

Die Speaker meld dat mnr J J Scholtz met ingang van 1 Augustus 2006 as Munisipale Bestuurder van Swartland Munisipaliteit aangestel is. Dit word dus as gepas beskou dat die Raad hierdie geleentheid gebruik om mnr Scholtz hartlik geluk te wens met die bereiking van hierdie besondere mylpaal van 20 jaar diens as Munisipale Bestuurder.

Die Speaker meld verder dat mnr Scholtz die Munisipale Bestuurder in die land is met die langste diens by een munisipaliteit.

Mnr Scholtz word deur die Speaker en ander raadslede bedank vir sy besondere bydrae tot die suksesse van Swartland Munisipaliteit, wat in 'n groot mate toegeskryf kan word aan die wyse waarop hy die Munisipaliteit oor die afgelope 20 jaar bestuur en gelei het.

Mnr. Scholtz se etiese leierskap en onwrikbare strewe na uitnemendheid getuig van fermheid, regverdigheid, integriteit, konsekwentheid en deernis. Deur sy verbintenis tot die Batho Pele-beginsels het hy daarin geslaag om 'n organisasiekultuur te vestig waarin die Raad, die administrasie en die gemeenskap as vennote saamwerk om volhoubare en betekenisvolle resultate te bereik. Sodoende word Swartland Munisipaliteit as een van die beste munisipaliteit landwyd beskou.

**VIR KENNISNAME**

## 4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

### 4.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 28 MEI 2026

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O’Kennedy)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 28 Mei 2026 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

### 4.2 NOTULE VAN ‘N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP 25 JUNIE 2026

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O’Kennedy)

Dat die notule van ‘n Spesiale Raadsvergadering gehou op 25 Junie 2026 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

### 4.3 SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 25 JUNIE 2026

[Nota: Rdh T van Essen verlaat die lokaal vir die bespreking van die item.]

**ITEM 4.5: ONREëLMATIGE UITGAWE: NOOD HERSTELWERK AAN DIE MOORREESBURG WWTW (5/1/B)**
**ITEM 4.6: ONREëLMATIGE UITGAWE: DIE VERSNEL VAN DIE DE HOOP GEDIENSTE ERWE EN GEVOLGLIKE VERIMENT (5/1/B)**
**ITEM 4.7: ONREëLMATIGE UITGAWE: INGENIEURSOPDRAGTE IN TERME VAN TENDER T23/22/23: VOORSIENING VAN PROFESSIONELE SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE VIR DIE PERIODE EINDIGEND 30 JUNE 2026 (5/1/B)**

Die voorgestelde wysigings aan die notule van ‘n Spesiale Raadsvergadering gehou op 25 Junie 2026 word deur rdl E C O’Kennedy as voorsitter van die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) voorgehou, soos oorweeg tydens ‘n MPAC-vergadering gehou op 28 Julie 2026 en word –

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O’Kennedy, gesekondeer deur rdl A M Booysen)

(a) Dat kennis geneem word dat die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheids-komitee (MPAC) reeds op 19 Junie 2026 kennis geneem het van die tersaaklike feite en aanbevelings en dat die Raad eweneens op 25 Junie 2026 die aangeleentheid oorweeg het. Die Raad neem verder kennis dat **die feite, omstandighede, motivering en aanbevelings soos destyds aan MPAC en die Raad gerapporteer, geensins verander het nie en steeds ongewysig van toepassing is;**

(b) Dat kennis geneem word dat die onderstaande wysigings van **Items 4.5, 4.6 en 4.7** van die notule van die Raadsvergadering gehou op 25 Junie 2026 uitsluitlik voortspruit uit die afsluiting van die 2025/2026 finansiële jaar en die finalisering van die onderskeie finansiële bedrae, en dat die notule dienooreenkomstig soos volg gewysig word:

Item 4.5: Onreëlmatige Uitgawe: Nood Herstelwerk aan die Moorreesburg WWTW (5/1/b)

Dat die bedrag van **R198 672,48** na **R228 473,35** gewysig word, aangesien die oorspronklike bedrag BTW uitgesluit het, terwyl die afskrywing se finale te boekgestelde bedrag BTW moet insluit.

Item 4.6: Onreëlmatige Uitgawe: Die versnel van die De Hoop gedienste erwe en gevolglike veriment (5/1/b)

Dat die bedrag van **R7 869 930,95** na **R9 454 094,14** gewysig word, aangesien die afskrywing se finale bedrag die retensiebedrag van R822 095,00 moet insluit, tesame met die toepaslike BTW op beide bedrae.

Item 4.7: Onreëlmatige Uitgawe: Ingenieursopdragte in terme van Tender T23/22/23: Voorsiening van Professionele Siviele en Elektriese dienste vir die periode eindigend 30 Junie 2026 (5/1/B)

Dat die bedrag van **R46 754 935,45** na **R46 918 250,54** gewysig word, aangesien die finale jaareinde-afsluitingsbedrag betalings van **R163 315,09** insluit wat gedurende die tydperk **19 Junie 2026 tot 30 Junie 2026** verwerk en betaal is.

## 5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

### 5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 20 MEI 2026

saamgelees met

**NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 6 MEI 2026**

### 5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 17 JUNIE 2026

## 6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

### 6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 18 MEI 2026

### 6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 8 JUNIE 2026

## 7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

### 7.1 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP 25 JUNIE 2026

Nota - sien Item 4.3.

## 8. SAKE VIR BESPREKING

### 8.1 (1) RAPPORTERING VAN ARTIKEL 56 VAKATURE: ME M S TERBLANCHE; (2) VUL VAN ARTIKEL 56 BESTUURSPOS: DIREKTEUR: KORPORATIEWE DIENSTE; (3) AANSTELLING VAN KEURINGSPANEEL (4/3/B, 4/3/1)

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche, het kennis gegee van haar vervroegde aftrede teen einde November 2026.

As deel van die Raad se opvolgbeplanning is dit nodig om pro-aktief ‘n aanvang te neem met die proses om die vakature van Direkteur: Korporatiewe Dienste te vul ten einde die oorhandiging van pligte en verantwoordelikhede doeltreffend te laat plaasvind.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat omdat Swartland Munisipaliteit se begroting meer as ‘n biljoen rand is, daar gehoor gegee moet word aan die minimum vereistes ingevolge die bo-perk regulasies – onder andere – ‘n minimum van twee jaar in ‘n direkteursposisie by ‘n plaaslike owerheid. Die gevolg van die vereiste is dat middelvlak-bestuurders op ‘n posvlak 16 of 17 nie vir hierdie posisie sal kan kwalifiseer nie, maar wel ‘n direkteur van ‘n baie kleiner munisipaliteit met ‘n baie kleiner begroting.

Die Munisipale Bestuurder noem dat voormelde minimum vereiste met mnr Graham Paulse tydens ‘n vergadering gehou op 21 Julie 2026 opgeneem is, en dat lg. begrip het vir die probleem. Daar is ander munisipaliteite wat sukkel om direkteursposisies te vul, bv. Overstrand en Hessequa wat dieselfde advertensie as vir die derde keer adverteer teen enorme advertensiekostes.

Mnr Paulse het onderneem om in samewerking met die Minister ‘n standpunt voor te berei, maar sal daar uitvoering gegee moet word aan die voorgestelde proses tot tyd en wyl die uitslag vanaf die Minister ontvang word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat daar kennis geneem word van die vakature wat sal ontstaan in die pos van Direkteur: Korporatiewe Dienste met die vervroegde aftrede van me Madelaine Terblanche einde November 2026;

(b) Dat die Raad goedkeuring verleen en bevestig dat die makro personeelstruktuur soos aangetoon op die goedgekeurde organisasiestruktuur, in ooreenstemming is met die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en dat die pos van Direkteur: Korporatiewe Dienste relevant is en benodig word ten einde die strategiese doelwitte van die GOP te bereik;

(c) Dat die Raad goedkeur dat die pos van Direkteur: Korporatiewe Dienste gevul word en dat goedkeuring verleen word vir die vul daarvan en advertering, – in ooreenstemming met die aangehegte advertensie en die regulasies;

(d) Dat die pos gevul word op ‘n allesinsluitende “koste-vir-maatskappy” pakket in ooreenstemming met die bepalings van die bo-perk (“upper limits”) vir Senior Bestuurders, ingevolge die 14 April 2026 kennisgewing, of soos gewysig;

(e) Dat die Raad die keuringspaneel bestaande uit die volgende persone goedkeur –
   - (i) Die Munisipale Bestuurder, naamlik mnr Joggie Scholtz (Voorsitter van paneel);
   - (ii) Een raadslid wat deur die Raad genomineer word wat ‘n lid van die burgemeesterskomitee of die portefeuljevoorsitter van die betrokke portefeulje moet wees, naamlik rdl N Smit;
   - (iii) Direkteur Korporatiewe Dienste van ‘n buurmunisipaliteit, naamlik Weskus Distrikmunisipaliteit.

(f) Dat daar kennis geneem word dat ‘n diensverskaffer deur die Munisipale Bestuurder aangestel sal word om te help met die werwing- en keuringsproses vir die aanstel van ‘n Direkteur: Korporatiewe Dienste;

(g) Dat goedkeuring verleen word dat me Madelaine Terblanche in 'n mentorskaprol aangewend word na die aanstelling van haar opvolger, vir die oorblywende tydperk van haar kontrakperiode, onderhewig daaraan dat sy ook vir ander take, funksies en verantwoordelikhede aangewend word, soos en wanneer benodig.

**8.2 (1) RAPPORTERING VAN ARTIKEL 56 VAKATURE: MNR M J MöLLER; (2) VUL VAN ARTIKEL 56 BESTUURSPOS: DIREKTEUR: ELEKTRIESE INGENIEURS-DIENSTE; (3) AANSTELLING VAN KEURINGSPANEEL (4/3/B, 4/3/1)**

Die Direkteur: Eleketriese Ingenieursdienste, mnr M J Möller, het kennis gegee van sy vervroegde aftrede teen einde Januarie 2027.

As deel van die Raad se opvolgbeplanning is dit nodig om pro-aktief 'n aanvang te neem met die proses om die vakature van Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste te vul ten einde die oorhandiging van pligte en verantwoordelikhede doeltreffend te laat plaasvind.

Die Munisipale Bestuurder wys die Raad op die onregverdige gevolge van die bo-perke regulasies deurdat senior bestuurders in die Direktoraat: Elektriese Ingenieursdienste 'n hoër inkomste verdien as die direkteur. Die Munisipale Bestuurder verwys verder na die minimum vereistes van die pos, spesifiek die volgende wat die werwing van 'n geskikte kandidaat uiters bemoeilik, naamlik:

- *"registration with the Engineering Council of South Africa (ECSA) as Professional Engineer (Electrical) or Professional Engineering Technologist (Electrical);*
- *Government Certificate of Competency (GCC) as required in terms of the General Machinery Regulation, 1988"*.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

(a) Dat daar kennis geneem word van die vakature wat sal ontstaan in die pos van Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste met die vervroegde aftrede van mnr Thys Möller einde Januarie 2027;

(b) Dat die Raad goedkeuring verleen en bevestig dat die makro personeelstruktuur soos aangetoon op die goedgekeurde organisasiestruktuur, in ooreenstemming is met die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en dat die pos van Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste relevant is en benodig word ten einde die strategiese doelwitte van die GOP te bereik;

(c) Dat die Raad goedkeur dat die pos van Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste gevul word en dat goedkeuring verleen word vir die vul daarvan en advertering, – in ooreenstemming met die aangehegte advertensie en die regulasies;

(d) Dat die pos gevul word op 'n allesinsluitende "koste-vir-maatskappy" pakket in ooreenstemming met die bepalings van die bo-perk ("upper limits") vir Senior Bestuurders, ingevolge die 14 April 2026 kennisgewing, of soos gewysig;

(e) Dat die Raad die keuringspaneel bestaande uit die volgende persone goedkeur –
  (i) Die Munisipale Bestuurder, naamlik mnr Joggie Scholtz (Voorsitter van paneel);
  (ii) Een raadslid wat deur die Raad genomineer word wat 'n lid van die burgemeesterskomitee of die portefeuljevoorsitter van die betrokke portefeulje moet wees, naamlik rdh T van Essen;
  (iii) Direkteur: Elektriese Opwekking en Verspreiding van 'n buurmunisipaliteit, naamlik Stad Kaapstad of as alternatief die Uitvoerende Direkteur: Ingenieursdienste, mnr L Pienaar van Drakenstein Munisipaliteit;

(f) Dat daar kennis geneem word dat 'n diensverskaffer deur die Munisipale Bestuurder aangestel sal word om te help met die werwing- en keuringsproses vir die aanstel van 'n Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste;

(g) Dat goedkeuring verleen word dat mnr Thys Möller in 'n mentorskaprol aangewend word na die aanstelling van sy opvolger, vir die oorblywende tydperk van sy kontrakperiode, onderhewig daaraan dat hy ook vir ander take, funksies en verantwoordelikhede aangewend word, soos en wanneer benodig.

**8.3 GOEDKEURING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR MET IN AG NEMING VAN WYSIGINGS AAN KORPORATIEWE DIENSTE (4/1/1/2/1)**

Ingevolge Artikel 66 van die Gewysigde Munisipale Stelselswet, 2011 is die goedkeuring van die organisatoriese struktuur die verantwoordelikheid van die Munisipale Bestuurder.

Met die konstruksie van die Kalbaskraal Sosio-Ekonomiese Fasiliteit is dit nodig om 'n saalopsigter aan te stel en is die pos deur die bestuurspan op 29 Mei 2026 oorweeg vir goedkeuring.

Die wysiging aan die organisatoriese struktuur van die Direktoraat: Korporatiewe Dienste met die toevoeging van 'n saalopsigter vir die Kalbaskraal SEF met ingang van 1 Augustus 2026 is aan die Arbeidsforum en Uitvoerende Burgemeesterskomitee onderskeidelik voorgelê vir oorweging.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A M Williams)

(a) Dat die Raad kennis neem dat die wysiging aanbeveel is deur die Plaaslike Arbeidsforumvergadering gehou op 18 Junie 2026;

(b) Dat die Raad die wysiging aan die organisatoriese struktuur vir die direktoraat Korporatiewe Dienste goedkeur vir implementering met ingang van 1 Augustus 2026.

**8.4 VOORTSETTING VAN BESTAANDE PROFESSIONELE INGENIEURSDIENSTE TOEGEWYS KRAGTENS TENDER T23/22/23 EN ARTIKEL 116(3) MFMA PROSES (8/2/2/12, 8/1/B/2)**

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat die verslag ten doel het om goedkeuring vanaf die Raad te verkry vir die voortsetting en voltooiing van professionele ingenieursdienste wat kragtens Tender T23/22/23 op 'n paneel toegeken is vir die onderskeie projekte gelys in aanhangsels B na volvoering van die proses ingevolge Artikel 116(3) van die Plaaslike Regering: Wet op Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die Munisipale Bestuurder noem verder dat daar korrespondensie ontvang is vanaf die Adjunk Nasionale Voorsitter van die United Independent Movement (UIM), mnr M Truter, as beswaar op die Artikel 116(3) MFMA-kennisgewing insake die voortsetting van bestaande dienste kragtens Tender T23/22/23. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die korrespondensie na afloop van die spertyd van Woensdag, 22 Julie 2026 om 15:45 ontvang is, maar dat dit aan die Raad voorgehou word vir deursigtigheid.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl R Jooste)

(a) Dat die Raad kennis neem dat verskeie Siviele en Elektriese raadgewende ingenieursaanstellings ingevolge Tender T23/22/23, soos uiteengesit in Aanhangsel B, verband hou met huidige munisipale infrastruktuurprojekte wat reeds in uitvoering is en steeds professionele betrokkenheid vereis tot en met voltooiing;

(b) Dat die Raad erken dat die beëindiging van hierdie bestaande aanstellings en die oordrag daarvan na ander diensverskaffers op die nuwe paneel kan lei tot duplisering van koste, onnodige vertragings, benadeling van die Munisipaliteit, ontwrigting van lopende infrastruktuurprojekte en 'n ondoeltreffende aanwending van munisipale hulpbronne;

8.4/...

(c) Dat die Raad kennis neem van die openbare deelnameproses wat ingevolge artikel 116(3)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, gevolg is, soos vervat in Kennisgewing 04/2026/2027, aangeheg as Aanhangsel A, en verder kennis neem dat geen skriftelike kommentaar, besware of vertoë gedurende die geadverteerde openbare deelnameperiode, wat op Woensdag 22 Julie 2026 om 15:45 gesluit het, ontvang is nie;

(d) Dat die Raad verder kennis neem van die skrywe van mnr Marlon Truter, in sy hoedanigheid as Adjunk Nasionale Voorsitter van die United Independent Movement South Africa (UIM SA), gedateer 24 Julie 2026, wat ná afloop van die geadverteerde openbare deelnameperiode deur die Munisipaliteit ontvang is. Die Raad neem kennis dat die skrywe derhalwe nie 'n vertoë ingevolge die artikel 116(3)-openbare deelnameproses uitmaak nie. Die Raad neem verder kennis dat die inhoud van die skrywe hoofsaaklik bestaan uit versoeke om wetgewende verduideliking en toegang tot dokumentasie, en nie nuwe feitelike inligting bevat wat betrekking het op die voorgestelde voortsetting van die bestaande professionele ingenieursaanstellings nie. Enige versoeke om toegang tot rekords of dokumentasie sal deur die Munisipaliteit ingevolge die toepaslike wetgewende raamwerk hanteer word;

(e) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die voortsetting van die bestaande aanstellings wat ingevolge Tender T23/22/23 gemaak is, soos uiteengesit in Aanhangsel B, tot en met die voltooiing van die onderskeie opdragte.

**8.5 JAARLIKSE VERSLAGDOENING INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID VIR DIE FINANSIëLE JAAR EINDIGEND 30 JUNIE 2026 (8/1/B/2)**

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2025 tot 30 Junie 2026 is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat kennis geneem word van die Jaarverslag ten opsigte van die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid soos beoog deur Artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, sowel as verslae van die Formele Tenders (Bylae A), Informele Tenders (Bylae B) , en die Afwykingsverslag (Bylae C & C.1);

(b) Dat kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2026 tot 30 Junie 2026 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties is om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskettingbestuurbeleid (Bylae D). Kennis moet geneem word dat betalings vir die 2025/2026 finansiële jaar nog gefinaliseer moet word. Om aan wetgewing in terme van kwartaal 4 te voldoen, sal enige verskille in die volgende kwartaalverslag uitgelig word, onderhewig aan syfers/transaksies wat 'n impak op die volledigheid van die finansiële state sal hê.

**8.6 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): APRIL TOT JUNIE 2026 (7/1/2/2-2)**

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003).

Die Artikel 52 MFMA-kwartaalverslag bevat ook nie-finansiële inligting in die vorm van die prestasie gemeet teen die teikens in die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan.

Voormelde verslag is oorweeg deur die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) op 28 Julie 2026 vir aanbeveling aan die Raad en rdl E C O'Kennedy, as voorsitter van die MPAC, wens die administrasie geluk met die behaling van die 95%-teiken ten opsigte van kapitaalspandering.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl A M Williams)

Dat kennis geneem word dat die kwartaalverslag op 28 Julie 2026 by die MPAC ter tafel gelê was en dat die MPAC, by wyse van verslagdoening aan die Raad, aanbeveel dat die Raad kennis neem van die kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 April 2026 tot 30 Junie 2026.

**8.7 KENNISGEWING VAN MOSIE (16/3/B)**
[Rdh T van Essen verlaat die lokaal vir die bespreking van die item.]

Die Uitvoerende Burgemeester lê die mosie ter tafel wat ingevolge paragraaf 37 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Hou van Vergaderings ingedien is vir oorweging deur die Raad.

Die mosie behels die voorstel om die Malmesbury WWTW te benoem as die *Van Essen Rioolsuiweringswerke*. Die Uitvoerende Burgemeester noem dat rdh Van Essen hierdeur erkenning kry vir sy bydrae tot langtermyn beplanning, volhoubare ontwikkeling en die pro-aktiewe ontwikkeling van infrastruktuurkapasiteit om aan toekomstige aanvraag te voorsien.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis (in die afwesigheid van drie raadslede) met vyftien (15) stemme ten gunste en drie (3) raadslede wat buite stemming bly)

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die naamsverandering van die Malmesbury Rioolsuiweringswerke na die *Van Essen Rioolsuiweringswerke*;

(b) Dat kennis geneem word dat voormelde naamsverandering ten doel het om erkenning aan rdh T van Essen te gee vir sy rol, as voormalige Uitvoerende Burgemeester, om infrastruktuurkapasiteit te skep wat aan toekomstige aanvraag sal kan voorsien en sodoende volhoubare ontwikkeling van die Swartland te verseker.

**GETEKEN:**
**SPEAKER**